Oordenking
14 April 2010

Jy behoort nie meer aan sonde nie!

Rom 8: 1 – 2: Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie. Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.

Hoewel baie mense nie eintlik aandag aan sonde gee nie, is daar ook mense vir wie die stryd teen sonde 'n werklikheid is en wat hoewel hulle Jesus liefhet en volg, teleurgesteld is daaroor en frustreerd is daarmee dat hulle so sukkel om aan Christus gehoorsaam te wees. Dit kan selfs die vreugde van ons lewe saam met die Here wegneem.

Vir elkeen wat bewus is van hierdie groot uitdaging is daar hierdie troos: Jy behoort nie aan die sonde nie. Die Bybel leer dat hoewel ons sondaars is en verdien om veroordeel te word, ons in Christus vergewe is. Ons is vry! Ons is nog sondaars, maar ons behoort nie meer aan sonde nie. Daar is nou geen veroordeling meer wat op ons wag nie.

Om hierdie vryheid uit te leef bly 'n uitdaging. Die weerstand wat ons moet bied teen sonde veroorsaak dat ons dikwels nog gebonde en soos slawe voel. Die stryd teen die ou natuur veroorsaak dat ons nog veroordeeld voel.

Die woord vir veroordeel in Rom 8: 1 beteken nie net "oordeel" nie. Dis ook 'n woord wat gebruik kan word wanneer iemand aanspraak maak op land wat as iemand anders se eiendom beskou word. Ons stryd teen sonde laat ons dikwels voel dat sonde nog aanspraak maak op die eienaarskap van ons lewe, al bely ons dat ons aan Jesus behoort. Sonde wil aanspraak maak op ons as die wettige eienaar van ons lewe.

Dit is teen hierdie gevoel wat Rom 8 praat en leer. Paulus sê dat ons nie meer aan sonde behoort nie, want Christus het ons van die eienaarskap van sonde vrygemaak. Die wet, wat krag gee aan die aansprake van sonde, het geen jurisdiksie meer oor ons nie. Ons behoort aan Jesus en nie aan die wet nie. Ons behoort aan Jesus en nie aan die bose of die donker werke van die bose nie. As ek aan Jesus behoort, is ek vry van die aansprake van die duisternis op my lewe.

Ek het een geword met Christus. Omdat ek aan Hom behoort, sien God my nie meer as 'n slaaf van sonde of van die wet nie. God sê, as jy aan my Seun behoort, het Hy jou vrygemaak. Hy het jou straf gedra en Hy maak nou aanspraak op jou. God sê, as jy aan my Seun behoort, behoort jy ook aan My! Daarom is ons seuns en dogters van God, met al die voorregte van kindskap van Hom. Ons weet Jesus is ons Redder en God is ons Vader. Ons weet ons behoort nie aan die sonde nie. Ons neem Joh. 1:12 baie ernstig op: ***"Aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."***

Christus het my vrygemaak. Dit is die waarheid uit God se Woord. Wat ek nog nodig het, is 'n selfbeeld wat op God se Woord baseer is en nie op wat ek "voel" nie. Dit maak nie so baie saak wat ek voel nie, al voel ek dikwels hulpeloos teen my ou natuur wat my vir die res van my lewe sal uittart.
My selfbeeld is baseer op wat God sê en nie op wat ek oor myself voel nie.

En God sê ek behoort aan Hom. God sê ek behoort nie aan sonde en die bose nie. Ek behoort nie aan die wet nie. Ek behoort aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus. Ek is vry, want Christus het my vrygemaak en net Hy is die eienaar van my lewe.